

19 Februarie

Die regte soort neus hou jongmense weg van gladde plekke

**Skrifgedeelte: Spreuke 2
Fokusgedeelte: Spreuke 2:10**

In 'n eeu van inligtingstegnologie is kennis sinoniem met mag. Die boek Spreuke beskou kennis egter as sinoniem met om die Here te dien. Die kennis moet ywerig gesoek word, amper soos 'n ywerige soeker op soek na 'n kosbare skat. Destyds het mense, veral gedurende oorloë, kosbare besittings in die grond begrawe. Wanneer iemand daarna so 'n skat raakgeloop het, was hy oorstelp van vreugde.

Die Bybel is as 't ware ons sakboek waarin 'n skatkis van genade vir ons opgeteken is. Een van die skatte uit die skatkis is dat Jesus Christus vir ons gesterf en oorwin het en ons nou erfgename van die Vader is.

Om die Here met blydschap te dien, stel egter eise aan jongmense. Jongmense moet geestelik reg kan ruik en hulle neus vir die sonde optrek. Daar bestaan verkeerde maniere van neus optrek, maar ook 'n regte manier:

- Vir kos en kleredrag. Dit grens dikwels aan ondankbaarheid.
- Vir ander mense. Dit noem ons snobisme.
- Vir die sonde. Dit is 'n moet.

Jongmense en veral sportiewe jongmense sal saamstem dat gladde plekke 'n groot aantrekkingskrag het. Dink maar net aan 'n skaatsbaan, glyplank, ski-helling of sommer maar net 'n modderige paadjie. Spreuke 2 dien as aansporing vir elkeen van ons. Daar is sekere gladde plekke in die lewe wat nie so onskuldig is as wat dit lyk nie. Gladde paaie word goed geadverteer oor die televisie, via die internet en in tydskrifte. Baie jongmense val oor hulle voete om agter die stroom aan te gaan, te bang hulle mis iets.

Gelowiges het van kleins af die regte neus vir die regte pad, die geloofspad aangeleer en ruik die gekamoefleerde paaie uit. Die reuk wat gepaardgaan met gladde paaie, is nie aangenaam nie en daarom kan ons nie anders as om die neus hiervoor op te trek nie.

Sing: Psalm 138:1 (1936-beryming)

Dr. FP Kruger (Alberton-Wes)